*The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library*

**This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.**

**Help ensure our sustainability.**

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
http://ageconsearch.umn.edu
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

LANDBOU-VOORUITSKOUINGSKONFERENSIE 1984

# LANVOKON
# AGROCON '84

AGRICULTURAL OUTLOOK CONFERENCE 1984

REC'D

**PRESENTED BY -**

- Agricultural Economics Association of South Africa
- Co-ordinating Committee of Agricultural Marketing Boards
- Department of Agriculture
- South African Agricultural Union

## PALMS HOTEL
## Silverton
## Pretoria

**JANUARY 18 AND 19, 1984**

ISBN 0 620 07596 1

LANVOKON 1984 U DOK. NR.: 271/83

## GROENTE

1 INLEIDING:

Die volksplanting aan die Kaap is in 1652 gestig met die doel om verbygaande skepe van vars groente te voorsien vir beskerming teen sekere siektes. So vroeg al is die voedingswaarde van sekere gewasse besef.

Soos die blanke beskawing versprei en dorpe en stede ontwikkel het, het ander gebiede in produksie gekom en die produksie toegeneem. Vandag word hierdie gewasse dwarsdeur die Republiek verbou in geskikte lokaliteite en op so 'n wyse dat die gewasse deurlopend voorsien kan word, alhoewel nie altyd in genoegsame hoeveelhede om in die aanvraag te kan voldoen nie. As gevolg daarvan maak die bedryfstak 'n belangrike sektor uit van die landbou waarby meer as 2000 produsente betrokke is.

Die belangrikste groenteverbouingsgebiede in die RSA in volgorde van belangrikheid is :

| | | |
|---|---|---|
| Middelveld van Transvaal | ... | 17% |
| Laeveld van Transvaal | ... | 16% |
| Wes- en Noordwes Kaap | ... | 15% |
| Natal | ... | 10% |
| Transvaal Hoëveld (Oos en Wes) | ... | 13% |
| Suid-Kaap en | ... | 8% |
| Oos-Kaap | ... | 5% |

In die swart state was tot onlangs op beperkte skaal groente verbou, tans word verneem van groot projekte wat in die vooruitsig gestel word.

Groente word verbou om vars te bemark, in te maak, te bevries en te ontwater. Die oppervlaktes aangewend vir produksie gedurende 1983 was soos volg : -

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Varsverbruik | - | 33 450 | ha | ; |
| Bevriesing | - | 9 750 | ha | ; |
| Inmaak | - | 7 920 | ha | ; |
| Uitvoer (Vars) | - | 3 470 | ha | ; |
| Ontwatering | - | 1 194 | ha. | |

Die afgelope produksiejaar (1982/83) toon 'n styging in die produksie van die belangrikste groente teenoor die vorige produksiejaar (1981/82).

In totaal is daar gedurende 1982/83 sowat 2 miljoen metrieke ton groente geproduseer teenoor 1,7 miljoen metrieke ton in 1981/82 wat op sy beurt weer die produksievolume van 1,5 miljoen metrieke ton van 1980/81 oorskry.

Dit toon 'n jaarlikse gemiddelde styging van 0,2 miljoen ton vanaf 1980/81. Terselfde tyd het die bruto waarde van groenteproduksie van R228 miljoen in 1980/81 na R345 miljoen in 1981/82 en verder tot bykans R500 miljoen in 1982/83 gestyg - 'n styging van gemiddeld R1,3 miljoen per jaar.

2 / ... ...

Van die groot aantal gewasse wat geproduseer word, is minder as 10 van kardinale belang beskou in terme van massa geproduseer en brutowaarde. Hierdie gewasse in volgorde van belangrikheid is : tamaties, uie, kopkoop, wortels, pampoen, ertjies, boontjies, patats en beet.

Die gewas, wat gemeet aan totale massa geproduseer in die RSA en die bruto-waarde daarvan, bo alle ander groentegewasse in belangrikheid uitstaan, is tamaties.

Gedurende die jaar 1983 het die beraamde waarde van die tamatie-produksie te staan gekom op R90 miljoen en is ongeveer 412 000 ton tamaties geproduseer.

2 PRODUKSIE:

2.1 Produksie van enkele belangrike groentesoorte.

(Bron: Afdeling Landbou Ekonomiese Tendense.)

| J A A R: JULIE - JUNIE | TAMATIES 1000 TON | UIE 1000 TON | KOPKOOL 1000 TON | WORTELS 1000 TON | PAMPOEN 1000 TON |
|---|---|---|---|---|---|
| 1980 / 81 | 309 | 140 | 218 | 103 | 141 |
| 1981 / 82 | 354 | 157 | 248 | 120 | 148 |
| 1982 / 83 | 412 | 156 | 243 | 124 | 154 |

2.2 Brutowaarde van enkele belangrike groentesoorte.

(Bron: Afdeling Landbou Ekonomiese Tendense.)

| J A A R: JULIE - JUNIE | TAMATIES R1 000 | UIE R1 000 | KOPKOOL R1 000 | WORTELS R1 000 | PAMPOEN R1 000 |
|---|---|---|---|---|---|
| 1980 - 81 | 66 186 | 30 091 | 12 204 | 10 867 | 11 645 |
| 1981 - 82 | 77 475 | 26 921 | 13 799 | 12 894 | 15 736 |
| 1982 - 83 | 90 000 | 36 660 | 17 982 | 15 872 | 16 632 |

2.3 Produksieontleding.

Die omvang van groente produksie het van 1.5 miljoen ton in 1980/81 tot 1.9 miljoen ton in 1982/83 toegeneem. Dit verteenwoordig 'n styging van ongeveer 21% oor die 3 jaar. Dit bring die jaarlikse gemiddelde toename in produksie op 7% per jaar te staan.

2.4 Tipe Produksie.

Die kan verdeel word in :

(a) Huistuinproduksie:

Dit is die produksie van groente vir eie gebruik en vars voorsiening in eie behoeftes.

(b) Markproduksie:

Dit is produksie wat gerig is op die nabygeleë dorp of omliggende gebied.

(c) Kommersiële produksie:

Dit is produksie op 'n intensiewe skaal met die afset daarvan oor die land heen na marke.

(d) Produksie vir verwerking:

Omsigtige produksie wat te alle tye kwaliteitsgerig is.

(e) Produksie in Beskermende Omgewing:

Produksie buite die normale seisoen van 'n kwaliteit produk vir 'n gesegmenteerde deel van die mark.

Elkeen van die verskillende tipe van produksiemoontlikhede het sy eie graad van risiko en onsekerheid, fisiese faktore en vereistes, klimatologiese vereistes, grondvereistes en vervoervereistes.

2.5 Bemarkingskanale:

| KANALE: | MASSA 1000 TON 1982 / 83 | WAARDE R 1 000 1982 / 83 |
|---|---|---|
| Marke (14) | 2 019 | 500 000 |
| Verwerk | 514 | 50 892 |
| Uitvoer | 30 | 5 986 |
| Ander | 960 | 176 312 |

Uit bostaande tabel is dit duidelik dat 56% van die totale massa groente geproduseer deur die varsproduktemarke bemark word, 15% word verwerk 0,8% word uitgevoer en 28% word bemark deur ander kanale.

Hieruit is dit dus duidelik dat die varsproduktemarke steeds die belangrikste bemarkingskanaal van groente is. Ons moet ons egter nie blind staar teen die feit dat dieselfde tendens vir die toekoms sal geld nie aangesien die neiging van die groot kettinggroepe blyk te wees om direk van die produsent aan te koop.

Uit syfers verkry van die Departement van statistiek blyk dit asof groenteprysstygings besig is om die afgelope paar jaar vinniger toe te neem as die verbruikersprysindeks en selfs effens vinniger as die voedsel-prysindeks. Aangesien die gesonde markmeganisme van vraag en aanbod pryse behoort te bepaal sal bemarkingsbeheer geen oplossing bied nie.

4 / ... ...

3 BEMARKING:

Die bemarking van groente is besonder ingewikkeld vanweë die produksiegebiede wat oor die land versprei is, die bederfbaarheid daarvan en die groot verskeidenheid van produkte.

Bemarking van groente verg dus dinamiese persone in die bedryf vanaf produsent tot die kleinhandelsverkoopspunte.

3.1 Bemarkingsbestuur.

Die moderne bemarker is verbruikersgerig en die bemarker van landbouprodukte moet deeglik van die feit kennis neem.

Dit gaan dus hierom dat die behoeftes van die verbruiker duidelik bepaal en omskryf word en 'n wyse gevind word om die geidentifiseerde behoefte teen 'n wins te bevredig.

Vir die toekoms sal dit ook beteken dat produsente bemarkingsgerig moet raak omrede die tyd verby is dat daar net geproduseer word sonder enige verdere belangstelling.

3.2 Plaaslike en Oorsese marke.

Die totale produksie van groente word grootliks plaaslik verbruik hetsy as vars produk of as verwerkte produk.

Weens die bederfbaarheid van die produk word slegs beperkte hoeveelhede in die verwerkte vorm uitgevoer of in die bevrore vorm of ingemaak.

3.3 Hoeveelheid verkoop van enkele belangrike groentesoorte op die 14 Nasionale Varsproduktemarke.

(Bron: Afdeling Landbou Ekonomiese Tendense.)

| J A A R: JULIE - JUNIE | TAMATIES 1000 TON | UIE 1000 TON | KOPKOOL 1000 TON | WORTELS 1000 TON | PAMPOEN 1000 TON |
|---|---|---|---|---|---|
| 1980 / 81 | 182 | 97 | 160 | 44 | 41 |
| 1981 / 82 | 195 | 105 | 181 | 49 | 45 |
| 1982 / 83 | 228 | 107 | 176 | 50 | 49 |

3.4 Hoeveelheid van enkele belangrike groentesoorte wat verwerk is vir bevriesing.

(Bron: Afeling Landbou Ekonomiese Tendense.)

| J A A R: JULIE - JUNIE | GROENERTE METRIEKE TON | UIE METRIEKE TON | KOPKOOL METRIEKE TON | WORTELS METRIEKE TON | PAMPOEN METRIEKE TON |
|---|---|---|---|---|---|
| 1980 / 81 | 13 942 | 461 | 267 | 12 687 | 1 364 |
| 1981 / 82 | 10 975 | 605 | 449 | 12 758 | 2 111 |
| 1982 / 83 | 10 175 | 439 | - | 10 698 | 563 |

3.5 Hoeveelheid van enkele belangrike groentesoorte wat verwerk is vir inmaak.

(Bron: Afdeling Landbou Ekonomiese Tendense.)

| JAAR: JULIE - JUNIE | TAMATIES | UIE | KOPKOOL | WORTELS | PAMPOEN |
|---|---|---|---|---|---|
| | METRIEKE TON | | | | |
| 1980 / 81 | 72 787 | 1 133 | 1 126 | 5 753 | 17 |
| 1981 / 82 | 103 777 | 2 853 | 2 194 | 6 888 | 116 |
| 1982 / 83 | 109 184 | 2 160 | 5 049 | 6 395 | 77 |

Uit bostaande tabelle is dit duidelik dat die hoeveelheid groente wat aangewend word vir verwerking en veral bevriesing 'n aansienlike toename toon.

Die gerief vir die huisvrou om die verwerkte produk te gebruik kan as rede daarvoor beskou word.

3.6 Hoeveelheid en waarde van groente wat ingemaak, bevries, ontwater en varsbemark is gedurende 1980/81, 1981/82 en 1982/83.

| JAAR: JULIE - JUNIE | INMAAK: | | BEVRIESING: | | ONTWATERING: | | VARSMARK: | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1000 TON | R1000 | 1000 TON | R1000 | 1000 TON | R1000 | 1000 TON | R1000 |
| 1980 / 81 | 199 | 26 248 | 64 | 11 754 | 19 | 1 021 | 1 828 | 545545 |
| 1981 / 82 | 293 | 39 208 | 60 | 11 982 | 26 | 1 766 | 1 925 | 429084 |
| 1982 / 83 | 298 | 40 102 | 60 | 14 500 | 24 | 1 719 | 2 019 | 500000 |

4 PRYSE:

4.1 Pryse vir enkele belangrike groentesoorte wat op die varsproduktemarke verkoop is.

| JAAR: JULIE - JUNIE | TAMATIES | UIE | KOPKOOL | WORTELS | PAMPOEN |
|---|---|---|---|---|---|
| | RAND PER METRIEKE TON | | | | |
| 1980 / 81 | 307 | 246 | 64 | 130 | 116 |
| 1981 / 82 | 329 | 216 | 66 | 134 | 122 |
| 1982 / 83 | 322 | 254 | 67 | 144 | 117 |

6 / ... ...

4.2 Pryse van enkele belangrike groentesoorte wat vir bevriesing verwerk is.

| JAAR: JULIE - JUNIE | GROENERTE | UIE | KOPKOOL | WORTELS | PAMPOEN |
|---|---|---|---|---|---|
| | RAND PER METRIEKE TON | | | | |
| 1980 / 81 | 327 | 195 | 97 | 71 | 59 |
| 1981 / 82 | 394 | 230 | 92 | 92 | 66 |
| 1982 / 83 | 402 | 248 | 94 | 91 | 100 |

4.3 Pryse van enkele belangrike groentesoorte wat vir inmaak verwerk is.

| JAAR: JULIE - JUNIE | BEET | TAMATIES | BOONTJIES | WORTELS | UIE |
|---|---|---|---|---|---|
| | RAND PER METRIEKE TON | | | | |
| 1980 / 81 | 65 | 61 | 152 | 76 | 251 |
| 1981 / 82 | 73 | 70 | 176 | 91 | 169 |
| 1982 / 83 | 77 | 76 | 171 | 94 | 213 |

5 TOEKOMSBLIK:

Suid-Afrika het tans 'n totale bevolking van nagenoeg 25 miljoen mense, wat, volgens die huidige aanwaskoers, teen die einde van die eeu minstens sal verdubbel. Daarby moet ons rekening hou met 'n stygende lewenstandaard onder veral sekere bevolkingsgroepe asook die moontlikheid van toenemende uitvoere na buurstate dan kan 'n goeie begrip gevorm word van die omvang van die toekomstige taak van die groenteprodusent.

Direkte verkope het gekom om te bly. Die totstandkoming van die Kommissie vir Varsproduktemarke in 1971 kon die metode van aankope nie verminder of keer nie.

Redes waarom kettinggroepe verkies om direk aan te koop is onder meer, die koueketting word nie verbreek, tyd word bespaar en gehalte verliese word verminder deurdat besendings regstreeks na pakhuise vervoer word, omkopery word uitgeskakel.

Die markowerhede en georganiseerde landbou sal moet poog om 'n doeltreffende diens aan koper en verkoper te lewer en effektiewe kommunikasie is onontbeerlik in die verband.

Daar sal moet gewaak word teen kartelvorming en die steeds stygende koopkrag van 'n paar groter wordende kettinggroepe wat die bemarkingspatroon van varsprodukte daagliks onder groter druk en ontwrigting plaas.

Die varsproduktemark sal vir die produsent steeds die primêre bemarkingskanaal bly aangesien die dienste wat verskaf word en die prysvormingsmeganisme wat op die markvloer plaasvind vir die produsent van uiterste belang is.

PRETORIA
/ab.